Randag · J. v d Yoen

# TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

**Naam van gemeente:** Buffelsrivier / Ooskuslen **Sinode:** ***NG Kerk in Oos-Kaapland***

**Belangrik**

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terugvoervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

## A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle *[Merk al die blokkies wat van toepassing is]*
   - ☐ Kerkraad
   - ☐ Wyke
   - ☐ Kleingroepe
   - ☐ Lidmate: byeenkoms
   - ☐ Lidmate: individueel
   - ☑ Ander: Oggenddiens gemeente ~~be~~ vergadering

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - ☑ Ja
   - ☐ Nee

## B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Vraag is gestel hoe daar eenheid kan wees As Belhar vrywilliglik óf aanvaar óf verwerp kan word. Belhar voor vrylating van Mandela geskryf. Toe was daar 'n politieke konnotasie. Ons kyk nou met ander oë daarna. Sommige gemeentelede voel dat Belhar steeds 'n politieke konnotasie het en verbind dit direk aan Alan Boesak wat skuldig bevind is aan misdrywe. Ander voel dat ons met nuwe oë na Belhar moet kyk as 'n dokument waar met Skrif gegewens werk en nie as politieke dokument bedoel is nie.

Nuwe/ ander voorstelle?

Geen

## C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Kommer is uitgespreek watter waarborg die Kerkraad en gemeente het dat ons ons eie styl van aanbidding met Afrikaans as medium gaan behou na kerkhereniging. Leraar het verduidelik dat die gemeente d.m.v. die Kerkraad die beslissingsmag behou t.o.v. die inrigting van die diens en die taal. Kommer oor toekenning van aanstellinges en of dit uiteinde kan lei tot die verlies van Afrikaans. Leraar het verduidelik dat met 'n Algemene Sinode elkeen in sy eie taal mag praat en vertolk sal word. Vraag het ontstaan of Sinode gemeente-grense kan vasstel of verskuif want die vrees is dat dit van bo af afgedwing kan word dat gemeentes moet saamsmelt. Leraar verduidelik dat geen dwang t.o.v gemeente samesmelting afgedwing kan word nie.

~~Wat moet by die voorstel bygevoeg/weggelaat word?~~

Vraag ook ontstaan of gemeentes verplig sal word om anders kleurige predikante te beroep. Weereens bevestig dat Kerkraad besluit oor wie hulle wil beroep. Die lidmate wil die waarborg hê dat hulle nie "uitverkoop" sal word nie. Die gemeente wil die versekering hê dat hulle nie gedwing sal word om liedere te sing wat nie eie aan ons kultuur en taal is nie.

Nuwe/ ander voorstelle?

| |
|---|
| |

**D. Gesamentlike projekte**

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Nie by vergadering bespreek nie, maar Kerkraad het ontmoeting gehad met Kerkraad van VGK Parkside met wedersydse goeie gesindheid en gevolge. In verlede ook lang pad met VGK Monti geloop met wedersydse besoeke aan mekaar se eredienste.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

**E. Versoeningsprosesse**

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Daar is kommer in die versoeningsproses tussen die familie van kerke hoe leerstellige en teologiese kwessies hanteer gaan word aangesien daar reeds op hierdie stadium verskille oor teologiese en leerstellige kwessies is. Daar is ook positief genoem dat ons moet onthou dat God in beheer is as ons iets verloor, sal God altyd iets beter gee.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

**F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband**

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Geen voorstelle vir 'n spesifieke naam nie, solank die individuele gemeentes hulle eie identiteit kan behou.

**Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.**

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

**Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055